# Kampkrummels

## Kiepersol

*Nuusbrief van Streek Kiepersol*

*van die*

*Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie*

# INHOUD

| | |
|---|---|
| Oordenking | 3 |
| Voorsitter sê | 4 |
| Redakteur sê | 4 |
| Saamtrekke 2016 | 5 |
| Lekker Kampnuus | 6 & 7 |
| Fotoalbum | 8 & 9 |
| Senior Burgers | 10 & 11 |
| Tieners | 12 |
| Verjaardae, Lief & Leed | 13 |
| Huweliksherdenking | 14 |
| Bestuur en voogdelys | 14 & 15 |

## REDAKTEUR

**Elma Bronkhorst**

Sel: 082 469 3559

E-pos: elma.bronkhorst1956@gmail.com

Disapark no 8
Disastraat 68
Clubview

Posbus 10315
Centurion

SAWA Webwerf: http://www.sawa.org.za

Foto's en fotoalbum: Willie Bronkhorst

## Sawa streef daarna om

*- vir Afrikaans georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uitleef.*

*- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.*

*- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.*

*- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.*

*- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig.*



# OORDENKING

## God is die Groot "EK IS"

**Toe sê God vir Moses: "Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: 'Ek is' het my na julle toe gestuur" (Eks 3 : 14)**

God is die Alfa en die Omega; die Begin en die Einde; die Eerste en die Laaste. Dit beteken dat Hy te alle tye en in alle omstandighede vir ons alles wil wees. Baie mense is Alfa-mense: Hulle bly vassteek by die vertrekpunt van die geloof. Dit is heel veilige plek, waar jy bely dat jy in God glo, maar jy beweeg nie vorentoe nie. Jy groei nie geestelik nie.

"Ek is" sê vir jou om vorentoe te beweeg. Weerstaan die winde van beproewings en bereik oorwinnings in sy Naam. God is die Voleinder, die Omega. Hef by die wegspringplek jou oë op en focus op wat voor jou lê en op wat by die eindpunt op jou wag. Leer God intiem ken; verorber sy Woord; maak erns met jou gemeenskap met Hom. God is jou dinamika, jou energie. Hy lei jou deur stryd en worsteling tot by die eindpunt, wat nie die einde, die plek is waar jy uitgeput inmekaarstort nie. Nee, dit is die plek waar God vrylik deur jou leef.

God se Omega beteken nuwe ontwikkelings, nuwe ontdekkings, nuwe uitdagings, nuwe oorwinnings, nuwe opdragte om uit te voer. Die effektiefste diensknegte van God is dié wat in volkome geloof leef - Omega-mense. Ons hoef die magtige "Ek is" nie te vrees nie. Toe Johannes in aanbidding voor God neerval, het Hy hom liefdevol aangeraak en vir hom gesê wat om te doen (Op 1:17 - 20). Wat is "Ek is" se opdrag vir hierdie dag aan jou persoonlik?

**Gebed**

Heilige Here Jesus,
ons roep hierdie maand weer u lydensweg in herinnering: die Via Dolorosa wat U om ons ontwil geloop het.
Dit was u Vader se wil dat U moes ly en sterf ter wille van 'n sonde verskeurde wêreld.
God het die inisiatief geneem vir ons verlossing en in gehoorsaamheid aan sy wil het U mens geword.
U was in alles soos ons - behalwe dat U sonder sonde was.
Daarom kon U vir ons sondes betaal.
Heiland en Verlosser, dit was nie net vir die mensdom nie, dit was ook vir my!
Ja, ék kos hom die slae, die smarte en die hoon.
Hy dra na Gods behae, die kleed, die doringkroon.
Vir my was daardie wonde, vir my moes Hy daar staan; Hy moes vir al my sonde die bitt're kruisweg gaan (Ges 133 : 2)
Wanneer ons U dan in hierdie dae op u smartweg volg, gee dat dié refrein telkens uit ons harte sal opklink: Aanskou die Heiland aan die kruis, die Hemelvors, verag, verguis - hoe Hy Hom daar vir my laat hang en ek leef bloot vir selfbelang.
Laat ons u volmaakte liefde met die suiwerste liefde van ons harte antwoord.
Seën ons in hierdie Lydenstyd.

**My Vader en my God - Solly Ozrovech**

**Die Voorsitter sê:**

# Handhaaf 'n Balans

**Willie Bronkhorst**



Sawanante,

In die laaste uitgawe het ek gesê dat ons uitdagings gaan hê om te trotseer en nog skaars het die jaar begin en moes die bestuur alreeds planne maak.

Tydens die AJV is daar op 'n jaarprogram ooreengekom en toe Ina begin om die plekke te bespreek kom ons agter dat pryse by oorde in party gevalle feitlik verdubbel het teenoor verlede jaar.

Die bestuur was dus genoodsaak om 'n paar verandering aan die jaarprogram aan te bring. Die Januarie saamtrek moes verskuif van Klein Paradys, Nylstroom na Bush Inn en die April naweek se datum en plek moes verskuif. U kan dus sien dat die bestuur die belange van die lede koester en ons probeer tariewe so laag as moontlik hou, maar dit is net altyd meer moontlik nie.

Tydens die Oop NUB het die volgende belangrike aspekte na vore gekom:

- Hemp vir die Gebied is goedgekeur wat by die Presidente deur die kampkommandante gedra sal word
- Ledetal is soos volg:
  - Kiepersol = 59
  - Gebied Jakaranda = 253
  - Sawa = 1321
  - Afname van 65 lede sedert 01 Julie 2015
- Studie deur Niel Goslett, Gebiedsvoorsitter, Goeie Hoop het die volgende gewys:
  - Die grootste hoeveelheid lede se ouderdom is tussen 50 & 55
  - Tipiese lid sluit eers in sy laat 40's by Sawa aan
  - Net ongeveer 50% van Sawa se lede kamp gereeld
- Sawa Webblad - die nuwe Webblad is aktief en vertoon baie gebruikersvriendelik. Sien skakel voor in die nuusbrief.

Ek wil groot dankie sê aan Marnet Steenkamp wat weer die Kiepersol Facebook Blad aan die werk gekry het. Ons sal in die toekoms ook hiervan gebruik maak saam met die SMS lyn om met u as lede te kommunikeer. Die skakel om te gebruik is Kiepersol Sawa. Kontak gerus vir Marnet as meer wil weet.

Die Presidente Saamtrek word aangebied by Klipdraai woonwapark, Meyerton vanaf Dinsdag, 22 Maart as us saam met die Senior Burgers wil kamp of dan vanaf Donderdag, 24 Maart tot Maandag, 28 Maart 2016. Die tariewe is soos volg:

- 22 - 28 Maart - R 1240.00
- 24 - 28 Maart - R 820.00

Bespreek asseblief by Juliana voor of op 18 Maart 2016.

Ons streek verkoop koeldrank tydens die kermis, Saterdagoggend. Kom kamp en deel in die saam wees en kuier.

Streek bestuurslede van Gebied Jakaranda sal as kampkommandante optree tydens die saamtrek.

Ek doen 'n beroep op u elkeen om weer 'n slag te kom saam kamp as u lanklaas gekamp het.

As daar iets is wat pla, skakel my, kom drink koffie sodat ons dit kan bespreek en die spreekwoordelike klippie in die skoen uit die pad kan kry.

SAWA Groete,
Willie.

**Die Redakteur sê:**

# 'n Nuwe jaar - 2016.

**Elma Bronkhorst**



Dit is al weer 'n nuwe jaar van 2016 en dit het met 'n vinnige spoed begin.

Ek hoop julle Kiepersollers het 'n heerlike Kersfees vakansie gehad en is uitgerus vir die nuwe jaar.

Ek wil graag hê dat julle vir my moet kyk of julle selfoon nommers en e-pos reg is by die voogdelys op die laaste 2 bladsye van die nuusbrief. Laat weet my met 'n e-pos as dit nie reg is nie.

"Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het." Ef. 4 : 32

Iemand wat verstaan hoeveel die Here vir hom gedoen het, kan die grootste gawe uitdeel. Wie vergifnis ontvang het, kan ook ander vergewe.

# Saamtrek datums

**Saamtrekke vir 2016.**

| Datum | Saamtrek | Tipe | Tarief | Senior Burger |
|---|---|---|---|---|
| 29 - 31 Januarie | Klein Paradys - Nylstroom | Streek | | |
| 05 - 07 Februarie | Oop NUB - | Algemeen | | |
| 19 - 21 Februarie | Drie Berge | Streek | | |
| 22 - 24 Maart | Klipdraai | Algemeen | | Ja |
| 24 - 28 Maart | Klipdraai - Presidente | Algemeen | | |
| 08 -10 April | 100+ - Kaia Manzi | Algemeen | | |
| 22 - 30 April - 01 Mei | Eastco | Streek | | |
| 20 -22 Mei | Dube | Streek | | |
| 07 - 16 Junie | Weesgerus | Algemeen | | Ja |
| 17 - 19 Junie | Gebiedsaamtrek - Weesgerus | Streek | | |
| 22 - 24 Julie | Manyane | Streek | | |
| 12 - 14 Augustus | San Cha Len | Streek | | |
| 21 - 23 September | Nasionaal - Koppisol | Algemeen | | Ja |
| 23 - 25 September | Nasionaal - Koppisol | Algemeen | | |
| 14 - 16 Oktober | Koppisol - Kongres | Algemeen | | |
| 21 - 23 Oktober | Marula | Streek | | |
| 18 - 20November | Liracia | Streek | | |







# Lekker Kampnuus



## Marula Oase
## 23 - 25 Oktober 2015

**Frieda Burger**

Net so oorkant Klein Kariba lê Marula oase teen die kop. Die oord is onder nuwe bestuur en daar word baie hard gewerk om die oord op te knap. Meeste staan plekke is reeds geplavei en die skuins walle het muurtjies en blombeddings wat baie netjies gehou word.

Vrydagaand is ons 9 woonwaens om die naweek mee te begin.

Die nuwe eienaar het 'n pragtige piekniek plek teen die kop uit ontwikkel. Daar is 'n braaiplek en sitplek onder mooi skaduwee en dis daar waar ons almal ontbyt/brunch gaan maak het.

Ongelukkig moes Willie en Elma net na die ete vertrek na die slegte tyding van Elma se pa se afsterwe.
Die res van die dag is daar oor en weer saam gekuier tot daar waatlemoen geëet is. En toe kyk ons wêreld beker rugby. Ai tog die All Blacks bly maar die doodsteek. En daar verloor die bokke 20-18

Saterdagaande se saam braai bly maar 'n hoogtepunt van die naweek. Die bittereinders kuier nog 'n ruk maar ons ander kruip vroeg in.

Sondag oggend het ons radio kerk geluister en na afsluiting is daar eenparig besluit om in die restaurant te gaan eet.
Die lekker van dié ete is dat jy dan kan gratis oorslaap Sondagaand, wat die senior burgers wat agter bly goed pas.

So kom nog 'n heerlike naweek ook tot 'n einde.

Tot volgende keer!

## Liracia - Kersete
## 27 - 29 November 2015

**Willie & Elma Bronkhorst**

Die jaar se laaste saamtrek word gehou by Liracia woonwapark 'n paar kilometer Noord van Pretoria.

Teen sononder is almal (10 Kiepersollers & 2 gaste) wat bespreek het opgeslaan en word boekevat gehou. Na boekevat word die vuur aangesteek en eet en kuier ons heerlik saam om die vuur.

Saterdagoggend, nog voor die ander kampeerders wakker is gaan stap Elma, Jannie en Willie. Net na agt gryp 'n paar van ons die vêrkykers en lang lense en vaar die veld in om te gaan voëls kyk. Ons sien nie veel nie maar dit bly lekker en interessant om so saam in die veld te stap.

Later die middag begin ons om die voorbereiding vir die aand se ete te doen. Liggies word opgehang, tafels gedek , windskerms gespan ens. Die tafels kreun on die lekker kos wat voorberei is. Ons hou roerbraai en smul te lekker aan al die lekker kos. Nadat ons almal klaar geëet het kuier en gesels ons lekker saam totdat die bed begin roep.

Sondagoggend ontwaak ons met nuwe energie na 'n goeie nagrus en sien uit na die dag wat voorlê. Riaan neem die boekevat waar waarna ons sommer die afsluiting hanteer. Na die gesamentlike 'brunch" breek die einde van die saamtrek aan en begin ons stadig oppak.


Die jaar se saamtrekke word op 'n hoë noot afgesluit en almal sien uit na die Desember vakansie en 'n spiksplinternuwe nuwe jaar wat voorlê.



Links en onder: -

Gesellige saam kuier tydens die naweek





# Bush Inn - Bestuurskamp 15 - 17 Januarie 2016

**Marnet Steenkamp**

Die bestuur van Kiepersol het besluit om 'n naweek af te staan, vir 'n intensiewe vergadering en dink skrum, om ons Streek se program en jaar te bespreek en te beplan hoe ons die jaar vaartbelyn kan laat verloop. André Swanepoel die Sekretaris van SAWA Dagbestuur en Chris Delport, Jakaranda se Gebiedsvoorsitter het hulle by ons geledere gevoeg vir die vergadering. Ons het die kamp gehou te Bush Inn by Springs.

Die Vrydag het almal daar saamgetrek en hulle plekkies ingerig vir 'n naweek van kuier, vergadering en wanneer kan, ontspan en kuier.

Vrydagaand het Johan Burger vir ons boeke gevat, waarna ons met die gereelde lekker braai en kuier die naweek begin het. Saterdag oggend het Willie Bronkhorst vir ons geopen met Boekevat waarna die vergadering amptelik begin het. Ons is lekker bederf met koekies en koffie deur Vinkie Swanepoel en Magriet Baker. Na die vergadering is ons terug na ons woonwaens vir bietjie ontspan voor ons lekker groep braai en kuier later die middag.

By die braai is ons lekker bederf met al die verskillende slaai en die hoogte punt… Willie en Elma Bronkhorst het vir ons 'n skaap boud so tussen die kole gaar gemaak, ons het behoorlik lippe afgelek daarna. Jannie van den Berg het op die ander hoop kole 'n vark nek op die spit gesit, daar voor ook net een word…. Heerlik!

Die Sondagoggend het Jannie van den Berg vir ons boeke gevat. Net nadat ons gees mens gevoed is het ons weer kans gehad om ons vlees mens te voed en die braaipanne is nader gesleep en 'n heerlike brunch is opgetower. Na die lekker kuier, eet en warm bak in die son, het almal begin oppak en die pad aangedurf huiswaarts.

Dankie vir die Bestuur en ons gaste wat daar was, dit was voorwaar 'n naweek wat vele vrug gaan oplewer in die jaar wat voorlê.

# Bush Inn 29 - 31 Januarie 2016

**Frank en Hettie Smith**

Die lede het verskillende dae aangekom by die kamp, en verskillende roetes is gebruik om die kampterrein te bereik, 'n paar het verdwaal maar uiteindelik by die kampterrein opgedaag.

Gesprekke is gedurende die kamp gevoer oor watter roete die kortste was en die minste oponthoude sou veroorsaak. Dit was spoedig duidelik dat elke bestuurder sy eie voorkeure gehad het. Ons was egter nie alleen nie en het die kamp met Oosvaal, Luiperds en Suid-Oos gedeel**.** Die klem het op ontspanning geval en min georganiseerde aktiwiteite is gereël. By die dam op die terrein is heelwat voëls bedrywig en van ons lede het gesien hoe 'n reuse padda gevang en afgesluk was. Die hengelaars moes hulle vangs soen en teruggooi.

Vrydag laat middag het Kiepersol onder leiding van Frieda Burger jafels gebak en die produksie lyn wat gevorm was het dit flink laat verloop. Met die verkope is 'n wins van R1200-00 gerealiseer. Baie dankie dames julle was 'n gesellige geselsende groepie bymekaar. Vrydagaand se boekevat is waargeneem deur Peet Venter van Streek Luiperds.

Saterdagoggend se boekevat is waargeneem deur Steyn Fourie van Streek Suid-Oos. Die dag is deur sommige kampeerders verwyl by die swembad, ander het Springs gaan besigtig en verder is daar heerlik by vriende en kennisse gekuier en baie koffie en tee gedrink. In die laat agtermiddag is daar heerlike waatlemoen geniet wat deur die kampkommandante voorsien is. Die aand is die gebruiklike braaivleis gehou en het die tafels weer gekreun onder al die slaai en ander lekkernye. Ons dank gaan aan al die lede wat die heerlike potbrode en slaaie voorsien het.

Die Sondagoggenddiens is waargeneem deur Riaan Steenkamp. Meriete plaatjies is aan verskeie lede toegeken. Daarna het elke streek sy eie afsluiting gehou. Sommige lede moes egter weens ander verpligtinge vroeg vertrek en het nie aan die "brunch" geleentheid deelgeneem nie. Stuk-stuk en traag is daar opgepak en huis toe vertrek.

# Foto Album - Liracia




Die van Biljon familie kuier gesellig saam





Ina & Elma by die mooi versierde tafels en “saal”

Kampkommandante





Johann, Alet, Johan & Karin
kuier gesellig

Johan & Karin Burger - 100 Alg
Jerome & Anna Henning - 100 Streek

Johanna & Pieter - Streek
Meriete

# Foto Album - Kiepersol Bestuurskamp




Ons kuier saam met Chris, Ansie, André en Vinkie terwyl die kos gaar word





Skaapboud in die pot en Vark nek op die spit

Sondagoggend “brunch”

# Foto Album - Bush Inn



Kiepersol se dames besig om Jafels te bak Vrydag middag





Bo, Links en onder: -

Gesellige saam kuier en akti-witeite tydens die naweek





Kampkommandante; Martiens & Marie - Streek Meriete; Jannie & Ina - 130 Streek; Martiens & Bets 110 Streek



Seniors

## Frieda Burger



So ’n dag of 12 gelede kry ek ‘n oproep van Frieda. Ek het haar laas gesien met my heup- vervanging 6 maande gelede, wonder toe waaraan ek hierdie oproep te danke het “sal jy en AntiNettie die oumense se afsluitingsfunksie kom bywoon” is haar openingswoorde en die antwoord was natuurlik ‘n onmiddellike ja.

Ek en Antoinette het as gevolg van omstandighede so 7 of 8 jaar laas gekamp. Ek met ‘n af heup en Antoinette met so ‘n kankertjie en ‘n paar beroertes.

Deur die genade is ons nou weer mobiel en het ons al gepraat om weer die stukke op te tel by Sawa en te begin kamp. Dus is hierdie oproep van Frieda n welkome een.

Vandaar ons vreugde en aangesien ons ook nou al afgetree is en voel ons wil weer bietjie sosiaal raak en waar beter as by Sawa Kiepersol.

Ek moet egter die storie ver gaan haal. Om presies te wees die AJV van Sawa Verwoerdburg van September 1984, te Joos Becker Woonwapark, waar ons op uitnodiging van Bertus en Annetjie Voges by Sawa aangesluit het.

Ons het toe ons woonwa net vir ‘n paar maande gehad, was jonk en kamperig. Ons sleepvoertuig ‘n Datsun Stanza – luikrug 1600 motor met ‘n Caravette 5 woonwa. Nogal seker ‘n gesig gewees vir die gereelde kampers. Ek en Antoinette, ek 34 jaar oud en Antoinette 33 jaar oud, met 4 kinders van tussen 4 en 10 in die Datsuntjie gelaai met kos, drinkgoed, hout, braaiers en alles wat oop en toe kan maak. Ons wil kamp.

Die Sawanante het ons baie beskaafd en ordentlik gegroet en so half en half laat tuis voel. Maar na boekevat en koffie verdwyn almal in woonwaens en gaan slaap. Hier sit ons, ek en Antoinette. Ons wil kamp en kuier. Ons klim toe ook maar in die woonwa en probeer *pickup sticks* speel op ‘n tafel wat nie heeltemal solied is nie. Ons besluit toe die “klub” is nie vir ons nie. Te veel oumense en te gevrek. Net daar besluit ons om uit te klim, vuur te maak, te braai, ‘n kouetjie te geniet en basta met die “klub”. Ons besluit toe ook dat dit ons laaste kamp by die “klub” gaan wees. Laataand en na ons lekker op ons eie gekuier het kry ons lêplek in die Caravette 5 tussen die 4 kinders en slaap ‘n bars hou.

Die volgende oggend vroeg begin die Sawanante ontwaak en ons begin ook maar versigtig uit die woonwa klim want ons weet nie op wie se tone ons getrap het met ons lekker kuier die vorige aand nie. Maar ewe skielik ontwaak die Sawanante en omarm die Verwoerdburgers ons met soveel gasvryheid en soveel entoesiasme dat ons eintlik skaam kry om te gedink het ons wil nie die “klub” *join* nie.

Ons het nog nooit soveel gasvryheid en toegeneentheid in ons lewens ervaar nie. Die Senior Burgers het ons as jong paartjie met die baie kinders omarm en op hulle hande gedra. Vir my wat sonder ouers groot geword het, het Sawa en Sawa se Senior Burgers ‘n soort van ‘n Vader en Moederskap ontwikkel en het ek alles wat ek gedoen het gemeet aan die voorbeeld wat die Senior Burgers vir ons gestel het.

Sawa Kiepersol was vir ons soos ‘n ouerhuis en kon ons, ons in totaliteit uitlewe ten opsigte van kamp, Christenskap, kinders grootmaak, grappies maak en alles wat lekker is maar binne die milieu van die Sawa beginsels.

Dit was met ‘n effense swarigheid dat ek en Antoinette hierdie afsluitingsfunksie na soveel jare se afwesigheid benader het en ek het so half amper begin dink het aan die swaar aand toe ons aangesluit het. Die rede daarvoor was dat Sawa het oor die jare baie nuwe lede bygekry en is ons nie bekend met mekaar nie en hoe sal hulle ons ontvang.

Ons kan egter sê dat ons gul ontvang is op die funksie. Daar was nog steeds die gasvryheid en die warmte van Sawa Kiepersol en het ons baie lekker gekuier. Daar was 28 persone teenwoordig waarvan ons omtrent net die halfte geken het. Ons hoop in die toekoms om meer van die funksies by te woon en meer te kamp om die lede te leer ken wat ons nie ken nie.

Die funksie was ook vir ons tot ‘n sekere mate baie *sad*. Eerstens kon ons nie glo waar die tyd heen is nie en dat ons ook nou al Senior Burgers is, en tweedens het ons in besonder gedink aan Frieda Burger, Theuns Botha, Tannie Lettie Leach, Oom Gert Rall, Jan Venter, Martie van der Merwe en Wanda Blignaut. Dit was baie hartseer om te sien dat hulle, hulle lewensmaats oor die jare verloor het. Maar dit was ook geweldig bemoedigend om te sien hoe hulle die lewe nou benader en hoe hulle, hulle koppe oplig en voortgaan met die lewe. Dit was dus ook vir my baie bemoedigend dat hulle die vrymoedigheid gehad het om alleen en sonder hulle maats die funksie by te woon. Ek is seker daar is nog ander persone wat ook hulle maats oor die jare verloor het maar die 7 was by die funksie en kon ek nie anders as om oor hulle spesifiek te dink met hulle maats en al die ondervindings wat ons oor die jare saam gehad het nie. Ek bepaal my dus net by hierdie 7 en hulle oorlede eggenote en eggenotes.

Frieda stap nog steeds voor en praat nog net so baie maar wat ‘n fris briesie. Ek sal nooit ‘n vuur maak as ek nie aan Willem-hulle Burger dink nie. (Danette my oudste dogter het hom die naam gegee ) die hout moet net reg gepak wees om nie rook te maak nie en het hy jou baie vinnig reggehelp en sommer die kole tang gegryp

en self die vuur reggepak. Willem se naam was eintlik MacGyver en hy het my die naam Koors Kruger gegee. Ja en die vaandel by Welkom by Vaalrivier wat met ‘n sterk wind omgewaai het en Willem se pyp uit sy mond geval het.

Theuns Botha is natuurlik nog al die jare Antoinette se grootste gunsteling, wat ‘n gawe maat by Sawa en ‘n persoon is wat nie baie praat nie maar sy kant altyd bring. Hy was getroud met Magdanell (die biblioteek tannie), Ai sy het al ons kinders daar in Eldoraigne se biblioteek so mooi gehelp en help grootmaak. Dit was vir ons kinders altyd gaaf as die tannie ook gekamp het.
Die Klein Dinamiet, Tannie Lettie Leach. Oom Eddie, die waardige Gentlemen wat so mooi kon praat, sing en bid. As Oom Eddie met sy besonderse manier ‘n pleidooi gelewer het by ‘n AJV of by ‘n amptelike funksie het almal na hom geluister. Dan staan tannie Lettie op en op haar besonderse manier vat sy die hele AJV of funksie oor en in n paar woorde laat weet sy vir ons presies wat daar nou gedoen moet word en wat daar nie gedoen moet word nie, Ai die Klein Dinamiet darem. Baie lief vir tannie Lettie. Dankie vir die mooi woorde op die funksie van dat my en Antoinette se teenwoordigheid tannie Lettie se *Krismis box* was. Ons het nou nog ons ICL Victoronix messie wat ons op ons eerste kamp in 1984 gekry het en ek dink Oom Eddie het ‘n hand daarin gehad dat ons hierdie geskenke kon kry.

Oom Gert en Tannie Anna Rall was natuurlik ons gunstelinge oor die jare sonder om afbreek te maak aan die ander Senior Burgers. Hulle was maar eintlik net die eerstes tussen gelykes. Soveel jonk van gees en soveel aangename kampe en soveel bemoeienis wat hulle met ons kinders gemaak het, kan ek nie aan enigiemand beskryf nie. Oom Gert, die ou pruttel pot, maar dit lyk vir my hy het ‘n bietjie afgekoel en Tannie Anna wat gedurig besig was om ‘n dingetjie te hekel of om ‘n ietsie te doen en dan op haar stoel onder die *canopy* te sit absoluut netjies en uitgevat. En Ai, die netjiese hare. Wie sal ooit die gegil van Tant Anna Rall vergeet as Toekie Snyman op ‘n kamp ondeund, ‘n nagemaakte arm of been in haar bed gesit het in die woonwa. Tannie Anna het nooit eers getwyfel nie sy het net geskree Toekieee. En dan is daar natuurlik die storie van Oom Gert en die blikkie en die Enos. Blykbaar het Oom Gert ‘n blikkie gebruik gedurende die nag om nie toilet toe te gaan nie en blykbaar het van die ander Senior Burgers ‘n bietjie Enos in die blikkie gesit en toe het dit blykbaar oorgekook. Of dit die waarheid is sal ons maar vir Oom Gert moet vra om dit vir ons te bevestig of om te ontken.

Jan *Flenters* Venter was getroud met Rina. Jan was die grapkas om die kampvuur saam met die kinders en as jy jou kinders gesoek het dan het hulle en Tannie Rina onder die afdakkie gesit en dan het jy net gehoor hoe lag hulle. Tannie Rina se lag het natuurlik vêr uit gestyg. Tannie Rina was die absolute voorbeeld vir ons kinders en Oom Jan het natuurlik met sy streke die groot mense aan die gang gehou om die kampvuur. Jan se bynaam Kedoepie en Rina was Tannie Kedoepie. Frieda sê die naam Kedoepie vir my so mooi, Jan dit was baie gaaf van jou om die funksie by te woon en ons hoop jy sal jou woonwa ‘n bietjie afstof en weer ook die stukke optel soos wat ons gaan probeer om te doen.

Martie van der Merwe die stil en pragtige krag agter ons LUIER. Ja die LUIER. Hoeveel toere het Christo en Martie nie voor gery en Fanie Marx agter nie. Christo was van nature die rustige kalmerende effek wat ‘n posisie nodig het van wat Christo en Martie in Sawa beklee het. Ek sal nooit die dag vergeet toe ons kampkommandante was by ’n Presidente te Heidelberg kloof nie, en een van daardie Kempton Parkers van Nico Spaumer my *Rally Canopy* se paal onder die die *Rally Canopy* uitgery het nie. Ek stap toe baie driftig en opgewonde daar na Christo toe en sê vir hom, Christo ek wil ‘n ou moer. Christo het my lank en diep in die oe gekyk en gesê, nou gaan moer hom. Vir die van julle wat Christo ken sou geweet het dat hy nie eintlik vloek nie en toe hy daardie woord gebruik toe kon ons almal wat daar was nie anders as om van die lag uit te bars nie, en daar was die hele situasie ontlont.

Dan was daar natuurlik nog die Leeujag maar dit is ‘n storie vir ‘n ander tyd en eendag as ons by ‘n kamp is en die geleentheid is daar sal ek die volledige leeujag storie vertel.

Laastens my ou suster Wanda wat ook vir Oupa Blikkies in die jaar verloor het. Ek was baie bly ousus dat jy hierdie funksie bygewoon het, Blikkies en Wanda was eers lid van Sawa Kiepersol maar toe trek hulle Kaap toe en raak hulle lid van een van die Kaapse streke. Ons sal regtig vir Wilanda en Quintin “*opsize*” dat ons ‘n bietjie meer by die kampe uit kom saam met jou.

Nou ja, *what is the moral of the story,* dit is dood eenvoudig dat ons jongetjies nou Seniors geraak het. Ons hoop dat ons dieselfde voorbeeld kan stel as wat die Senior Burgers vir ons gestel het.

Beste Groete,

Paul en Antoinette Kruger





Paul Kruger, Frieda Burger & Tannie Lettie Leach

# Tieners

## Woord soek

Alldays
Duiwelskloof
Mica
Modimolle
Mokopane
Musina
Naboomspruit
Northam
Phalaborwa
Roedtan
Roossenekal
Steelpoort
Tshipise
Tzaneen
Vaalwater
Warmbad
Zebediela

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| C | N | A | B | O | O | M | S | P | R | U | I | T |
| B | E | L | C | Q | V | K | L | V | E | S | O | D |
| M | E | E | S | I | P | I | H | S | T | L | U | B |
| A | N | I | S | U | M | N | N | E | A | I | A | D |
| H | A | D | L | D | A | W | E | K | W | L | E | E |
| T | Z | E | Z | T | E | L | E | E | L | W | N | L |
| R | T | B | D | D | P | N | L | D | A | O | A | L |
| O | U | E | K | O | E | S | A | R | A | S | W | O |
| N | O | Z | O | S | K | Y | M | P | V | K | K | M |
| R | G | R | S | L | S | B | J | O | O | O | O | I |
| F | T | O | O | E | A | M | V | T | N | K | L | D |
| Y | O | O | L | D | Z | S | Z | H | K | Z | O | O |
| R | F | A | W | R | O | B | A | L | A | H | P | M |

ALMA haarsalon

**Skakel om 'n afspraak te maak**
**072 949 6293**
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

**Parkeer onder groot bome**

MARÈ
**Naeltegnikus**
**Pedicures & Manicures**

**Skakel om 'n afspraak te maak**
**084 407 7398**
(Maandae gesluit)

**Op die hoek van Chris Hougaard en Springbokstraat, langs die Pandjieswinkel, Wierdapark**

**Kom loer gerus in as jy nog nie hier was nie**

# VERJAARSDAE



***Kampkrummels wens graag die lede hieronder baie geluk met hulle verjaarsdae***

## Februarie

6 - Eugenie Prinsloo
21 - Jo de Villiers
21 - Fanie Marx
25 - Poen Venter
26 - Alida Jordaan
27 - Litia Joubert

## Maart

1 - Marie Nordejé
10 - Martiens Joubert
14 - Andre Groenewald
16 - Charlie King
16 - Pieter van Biljon
18 - Suné van Huyssteen
19 - Dianne du Preez
21 - Mareli Olivier
22 - Chantel Baker
25 - Helmien van Biljon
25 - Marnet Steenkamp

## April

2 - Willie  Bronkhorst
6 - Whitey van Heerden
8 - Pieter Hanekom
9 - Ina van den Berg
13 - Seef Delport
17 - Karin Burger
18 - Edward Whelan
21 - Lenie Lubbinge
24 - Ronel Whelan

## Mei

3 - Guillaume Jordaan
3 - Thea Lewis
6 - Lettie Leach
6 - Willie Olivier
9 - Edna Lemmer
10 - Bets Joubert
19 - Theunis Botha
20 - Livia Lemmer
24 - Amanda Pretorius
25 - Magriet Baker
25 - Pierre de Villiers
29 - Hester Wessels
29 - Alice van Biljon

# Lief en Leed



### Lief

Marnet Steenkamp se twee hande was geopereer en is nou gesond.

Hennie en Hannie Ferreira het 'n kleindogter ryker word.

### Leed

Ina van den Berg was ook in die hospitaal en dit gaan beter.

Chris en Ansie Delport het 'n inbraak gehad by hulle huis terwyl hulle met vakansie was.

André en Magriet Baker het 'n inbraak by hulle huis terwyl hulle by die werk was.

Louis en Madelein van den Berg het 'n inbraak gehad by hulle huis.

Nico Spaumer, Nasionale President was Desember in die hospitaal. 'n Maagseer het gebars en was vir 'n ruk in die ICU.  Hy is uit die hospitaal en hy is baie beter.

Vossie Vosloo is baie siek. Bid asseblief vir hom.

## Here maak my U werktuig vir U Vrede

Waar daar Haat is ... Laat ek Liefde bring
Waar daar Onreg is ... Geregtigheid
Waar daar Twyfel is ...Geloof
Waar daar Wanhoop is ... Hoop
Waar daar Donker is ... Lig
Waar daar Hartseer is ... Vreugde

O Hemelse Meester, gee dat ek nie soveel sal soek na
Vertroosting nie ... maar sal Troos
Begrip nie ... maar sal Begryp
Liefde nie ... Maar sal Lief hê
want
Wanneer ons Gee ... ontvang Ons
Wanneer ons Vergewe ... ontvang ons vergiffenis
Wanneer ons Sterwe ... word ons tot die Ewige Lewe gebore.

# Huweliksherdenking



| | |
|---|---|
| Willem & Maria Nordejé | 02 Februarie |
| Guillaume & Alida Jordaan | 07 Februarie |
| Hennie & Ester Lombaard | 05 Maart |
| Stef & Martie Maritz | 13 Maart |
| Pierre & Jo de Villiers | 27 Maart |
| Johann & Alet Lemmer | 03 April |
| Quintin & Wilanda Prinsloo | 14 April |
| Whitey & Annelie van Heerden | 22 April |
| Pat & Ronel Whelan | 25 April |
| Martiens & Bets Joubert | 28 April |
| Willie & Elma Bronkhorst | 08 Mei |
| Manie & Thea Brits | 24 Mei |

# Streekbestuur 2015 - 2016 & Voogdelys

## Voorsitter

| | | |
|---|---|---|
| **Willie Bronkhorst** | **S 082 802 6959** | **willie.bronkhorst@vodamail.co.za** |
| Chris Ardenhoff | S 083 225 9594 | admin@bjglas.co.za |
| Willem Nordejé | S 071 483 7671 | willem.nordeje@nsn.com |
| Johan van Huyssteen | S 082 709 3616 | ginavh62@gmail.com |
| Jan Venter | S 072 554 6840 | info@bureautrust.co.za |
| Bertus Voges | S 083 264 9300 | vogesb@iburst.co.za |
| Melvyn Wessels | S 072 174 6335 | melvyn.wessels@gmail.com |
| Pat Whelan | S 082 550 3359 | Spoednikk@yahoo.com |

## Ondervoorsitter

| | | |
|---|---|---|
| **André Baker** | **S 083 409 3709** | **andrebaker31@gmail.com** |
| Con Arnold | S 072 462 2602 | con45@mweb.co.za |
| Wanda Blignaut | S 082 686 2796 | wprinsloo@mweb.co.za |
| Theuns Botha | S 083 653 4911 | xbibtheunis@outlook@com |
| Manie Brits | S 083 737 6797 | maniebrits@vodamail.co.za |
| Pierre de la Harpe | S 082 444 2423 | Pierree.dlh@gmail.com |
| Martiens de Swardt | S 084 664 4147 | martiens.marie@gmail.com |

## Penningmeester

| | | |
|---|---|---|
| **Johan Burger** | **S 082 923 5614** | **johan.burger@telkomsa.net** |
| Rigard Lemmer | S 082 786 9928 | rigard.lemmer@treasury.gov.za |
| Guillaume Jordaan | S 083 546 5579 | guillaumej@telkomsa.net |
| Chris Joubert | S 082 464 3692 | chrisjou@absa.co.za |
| Ronelle King | S 084 444 8300 | ronelle@hscenturion.co.za |
| Paul Kruger | S 082 573 4479 | krugerpdk@gmail.com |
| Lettie Leach | S 084 208 4417 | meleach@telkomsa.net |
| Johann Lemmer | S 083 233 9295 | lemmerj@mweb.co.za |

## Sekretaris

| | | |
|---|---|---|
| **Ina van den Berg** | **S 081 270 8267** | **jannie.ina@gmail.com** |
| Martiens Joubert | S 072 623 6775 | Fax 012 333 6205 |
| Thea Lewis | S 083 448 5427 | theal3@yahoo.com |
| Hennie Lombard | S 072 560 7775 | hennie.lomb@gmail.com |
| Willie Lubbinge | S 082 957 0781 | wlubbinge@telkomsa.net |
| Johan Luus | S 083 725 6317 | cabworldm@eject.co.za |
| Stef Maritz | S 082 378 0140 | steph.maritz@vodamail.co.za |
| Fanie Marx | S 083 280 6633 | fanie.marx@absamail.co.za |

## Addisionele lid

| | | |
|---|---|---|
| **Dewald van Biljon** | **S 083 709 9936** | **dewaldvbilj@gmail.com** |
| Piere de Villiers | S 083 969 1875 | devilliers4442@gmail.com |
| Seef Delport | S 082 956 2438 | susans@lantic.net |
| Mike du Preez | S 071 896 9976 | oumieandoupie@gmail.com |
| Hennie Ferreira | S 083 226 3176 | hennief@absamail.co.za |
| Andre Groenewald | S 083 260 4839 | bgroenewald@bureautrust.co.za |
| Pieter Hanekom | S 082 923 6360 | pieter.hanekom.za@gmail.com |
| Jan Hartzer | S 082 851 8202 | ja.hartzer@gmail.com |
| Jerome Henning | S 083 407 8370 | henningjerome@gmail.com |

## Addisionele lid

| | | |
|---|---|---|
| **Marnet Steenkamp** | **S 076 197 4430** | **marnet@wistec.co.za** |
| Frank Smith | S 082 882 5299 | frank.hettie@vodamail.co.za |
| Pieter van Biljon | S 082 574 6903 | pieterjohannavanbiljon@absamail.co.za |
| Wouter van Biljon | S 083 364 9093 | vabo@kidd.co.za |
| Louis van den Berg | S 083 277 7307 | vdbl@vodamail.co.za |
| Martie van der Merwe | S 083 653 2075 | martie.vdm101@gmail.com |
| Whitey van Heerden | S 083 376 1573 | whiteyvanheerden@yahoo.com |
| Poen Venter | S 083 264 6141 | jan.venter@mtnloaded.co.za |

## Senior Burger Verteenwoordiger

| | | |
|---|---|---|
| **Frieda Burger** | **S 082 894 7852** | **frieda.burger@vodamail.co.za** |
| Willie Olivier | S 083 288 6760 | willie.olivier@eskom.co.za |
| Bennie Oosthuizen | S 083 307 1874 | BennieO@nedbank.co.za |
| Alma Pieterse (Michau) | S 072 949 6293 | paulpieterse22@gmail.com |
| Willem Pretorius | S 082 896 3201 | willem.pretorius@bytes.co.za |
| Quintin Prinsloo | S 083 397 6417 | wprinsloo@bureautrust.co.za |
| Gert Rall | S 082 873 3969 | rinar@mycomax.com |
| Andre Rall | S 081 018 4038 | rinar@mycomax.com |

## Bankbesonderhede: Sawa Kiepersol, ABSA Centurion 600 810 499

# Loftus Caravan City

## SUID-AFRIKA SE GROOTSTE VERKOPER HET DIT ALLES!






***Volle reeks nuwe Sprite, Gypsey, Jurgens en Safari veelterreinwoonwaens. *Baie gehalte-gekeurde gebruikte woonwaens. *Campworld-winkel met alle buitelewetoerusting en bykomstighede, asook woonwa-onderdele. *Volle reeks bagasiesleepwaens. *Groot uitstalling van Howling Moon-kamp- en daktente. *Volledige fabrieksgekeurde werkswinkel.**

JURGENS · Gypsey Distinctly different · Sprite LIGHT YEARS AHEAD · JURGENS SAFARI · HOWLING MOON · VALUE VANS PRE-OWNED CARAVANS

**150 Republiekweg h/v Rabiestraat, Fonteinbleau, Randburg.**
**Tel: (011) 792-1456 Fax: (011)793-2312 E-POS: INFO@LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**
**WEB: WWW.LOFTUSCARAVANS.CO.ZA**